# INSTRUKSIES VIR KOLON VOORBEREIDING met PICOPREP

**( Middag Prosedure )**

· 'n Skoon kolon is baie belangrik vir die prosedure. Volg asb die instruksies noukeurig .
· Derm lediging begin ongeveer 2-3 uur na die eerste dosis PicoPrep, en mag aanhou vir 2-3 uur na die laaste dosering geneem is.
· PicoPrep veroorsaak waterige stoelgange totdat die uitskeiding sonder soliede deeltjies is.
· Dit is raadsaam om naby 'n toilet te bly. **Wend Vaseline aan om anus na elke stoelgang**.

**TWEE dae voor die prosedure**
Volg 'n sagte, veselvrye diet bv pasta, pampoen gestoomde vis of hoender helder soppe en jellie.
Vermy vrugte en groente met vesel sade of pitjies.

**EEN dag voor die prosedure**
**Ligte ete** om 12h00 bv. Gekookte of geposjeerde eier, 1 sny wit of bruin roosterbrood (nie volgraan) geen botter of margarine en 'n koppie swart tee/koffie – mag versoet wees.
**Daarna net goedgekeurde helder vloeistowwe.**
Drink slegs goedgekeurde helder vloeistowwe vir aand ete.

***Goedgekeurde helder vloeistowwe:***
*Water, swart tee/koffie - mag versoet wees, appel sap, wit druiwesap, Bovril drankies, helder hoender sop, Energie dranke (Energade, Powerade,Game)*
*GEEN gas koeldranke, rooiwyn of pers koeldrank toegelaat nie.*
*GEEN vaste kos melk of melkprodukte (yogurt,vla, roomys) toegelaat nie*

**VOORBEREIDING** - 3 SAKKIES PICOPREP
**Om 13h00**: Drink 'n glas water of helder vloeistof.
**Om 14h00**: Drink 'n glas water of helder vloeistof.
**Om 15h00**: Drink 'n glas water of helder vloeistof
**Om 16h00: Los een sakkie Picoprep op in 250ml warm water en roer tot helder oplossing.**
**Verkoel met ysblokkies en drink gevolg deur 'n glas water.**
**Om 17h00:** Drink 'n glas water of helder vloeistof
**Om 18h00:** Drink 'n glas water of helder vloeistof
**Om 19h00: Los een sakkie Picoprep op soos voorheen en drink gevolg deur 'n glas water.**
**Hou aan om goedgekeurde vloeistowwe te drink tot slaaptyd.**

**Oggend van Prosedure**
**Om 07h00: Los een sakkie Picoprep op soos voorheen en drink gevolg deur 'n glas water.**
Klein slukkies water mag geneem word tot 6 uur voor die prosedure.
**U mag nie motor bestuur direk na die prosedure nie. Reël asb vervoer.**